

EGIPTE

Van die Farao's tot by die berg Sinai

25 NOVEMBER – 6 DESEMBER 2027

Stap in die voetspore van die Heilige Familie, Moses en die Farao's. Van die eeue oue kerke van Koptiese Kaïro, die land van Gosen en die majestueuse piramides van Giza tot 'n onvergeetlike vaart op die Nyl, die stilte van die Sinai-woestyn en die blou water van die Rooi See – hierdie reis bring die Bybel en die geskiedenis voor jou oë tot lewe.

HOOGTEPUNTE

- ✦ Die kerk waar die Heilige Familie volgens oorlewering geskuil het
- ✦ Avaris, Pi-Ramses en Tanis – die land van Gosen en die uittog
- ✦ Die piramides van Giza en die Grand Egyptian Museum
- ✦ Drie nagte op 'n boot op die Nyl
- ✦ Berg Sinai en die St Katharina-klooster
- ✦ Snorkel in die Rooi See by Dahab

Reisplan

DAG 1 Donderdag 25 November

Vertrek uit Suid-Afrika

Ons reis begin! Ons vertrek vanaf O.R. Tambo-lughawe met Air Egypt na Kaïro – die poort na die land van die Farao's en van die Bybel.

Oornag: Aan boord van die vliegtuig

DAG 2 Vrydag 26 November

Welkom in Kaïro – op die spoor van die Heilige Familie

Ons land vroegoggend in Kaïro en duik dadelik in die stad se ryk Christelike erfenis. In Koptiese Kaïro besoek ons die eeue oue kerk van Sergius en Bacchus (Abu Serga), waar Maria, Josef en die Kindjie Jesus volgens oorlewering geskuil het tydens hul vlug na Egipte. Daarna verken ons die skatte van die Koptiese Museum en besoek ons die indrukwekkende gotkerk in Garbage City, uitgekap in die rotse van die Mokattam-heuwels. Ons sluit die dag af in die kleurryke Khan el-Khalili-mark – ’n doolhof van speserye, lanterns en handwerk.

Oornag: Kaïro

DAG 3 Saterdag 27 November

In die land van Gosen – Avaris, Pi-Ramses en Tanis

Vandag reis ons noord na die Nyl delta, die streek waar Israel eeue lank in Egipte gewoon het. Ons besoek Tel el-Dab’a, die ruïnes van die antieke stad Avaris, en Pi-Ramses, die stad van Ramses wat in Eksodus 1 genoem word as een van die voorraadstede wat die Israeliete moes bou.

Later besoek ons Tanis – die Bybelse Soan – waar die Psalmdigter die wonders van God “in die veld van Soan” besing (Psalm 78:12). ’n Dag waar die verhaal van Josef, Moses en die uittog voor jou oë lewe kry.

Oornag: Kaïro

DAG 4 Sondag 28 November

Die piramides van Giza en die Grand Egyptian Museum

Vandag staan ons voor die enigste oorblywende wonder van die antieke wêreld: die Groot Piramide van Giza. Daarna besoek ons die nuwe Grand Egyptian Museum, die grootste argeologiese museum ter wêreld wat aan een enkele beskawing gewy is, waar die skatte van die Farao’s tot lewe kom.

Oornag: Kaïro

DAG 5 Maandag 29 November

Suid na die Nyl – aan boord

Ons vlieg suid uit Kaïro en gaan aan boord van ons boot vir drie onvergeetlike nagte op die Nyl – die rivier wat al duisende jare lank Egipte se lewensaar is.

Oornag: Aan boord

Etes: Middagete en aandete ingesluit

DAG 6 Dinsdag 30 November

Vaart op die Nyl

Ons vaar rustig tussen Luxor en Aswan. Geniet die uitsig oor palmbome, groen landerye en dorpies op die oewers, en ervaar die Nyl soos reisigers dit al eeue lank beleef.

Oornag: Aan boord

Etes: Ontbyt, middagete en aandete ingesluit

DAG 7 Woensdag 1 Desember

Vaart op die Nyl

Ons laaste dag op die rivier. Ontspan op die dek en geniet die rustige ritme van die Nyl – 'n stuk Egipte wat jy nooit sal vergeet nie.

Oornag: Aan boord

Etes: Ontbyt, middagete en aandete ingesluit

DAG 8 Donderdag 2 Desember

Na die Sinai en die Rooi See

Ons vlieg na Sharm el Sheikh op die Sinai-skiereiland en ry daarvandaan per bus na Dahab – 'n ontspanne kusedorp aan die Rooi See, omring deur berge en woestyn.

Oornag: Dahab

Etes: Ontbyt en aandete ingesluit

DAG 9 Vrydag 3 Desember

Berg Sinai en die St. Katharina-klooster

Ons trek die Sinai-woestyn in na die voet van die berg waar Moses volgens oorlewering die Tien Gebooie ontvang het. Hier besoek ons die St Katharina-klooster, een van die oudste Christelike kloosters ter wêreld wat steeds bewoon word.

Oornag: Dahab

DAG 10 Saterdag 4 Desember

'n Dag by die see

Tyd om te ontspan! Geniet die son en snorkel in die helder water van die Rooi See tussen kleurrike koraal en tropiese visse.

Oornag: Dahab

Etes: Ontbyt is ingesluit

DAG 11 Sondag 5 Desember

Terugreis

Ons vlieg terug na Kaïro en van daar af huis toe na Johannesburg.

Oornag: Aan boord van die vliegtuig

DAG 12 Maandag 6 Desember

Tuiskoms

Ons land in Johannesburg, vol herinneringe aan 'n reis wat die Bybel en die geskiedenis voor ons oë laat lewe kry het.

Prys

R48 900

per persoon, deel 'n kamer

Gebaseer op 'n wisselkoers van USS1 = R17,00

INGESLUIT

- ✦ Ekonomie klas-retoervlugte Johannesburg – Kaïro
- ✦ Binnelandse vlugte in Egipte volgens die reisplan
 - Vlug van Kairo na Luxor
 - Vlug van Aswan an Dahab
 - Vlug van Dahab na Kairo
- ✦ 9 nagte verblyf in 3- en 4-sterhotelle en op die boot
- ✦ Ontbyt, aandetes, plus 3 middagetes op die boot
- ✦ Alle landvervoer en lughawe-oorplasings in Egipte
- ✦ Toegang fooie

UITGESLUIT

- ✦ Reisversekering (vanaf R1 230 vir onder 70 jaar; vanaf R2 930 vir onder 80 jaar)
- ✦ Visums
- ✦ Fooitjies vir die busbestuurder
- ✦ Enkelkamertoeslag: R9 890

Wil jy jou reis verleng? Dit is moontlik – laat ons net vooraf weet, voordat die vliegkaartjies gekoop word.

Navrae en besprekings: [Hanalize Kriek • hanalize@oosterlig.co.za]